# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

EERSTE TERMYN 1987


# AFFIES KÁN SWEM!

**Affies doen dit toe weer — vir die vierde agtereenvolgende jaar bring hul die beker Affies toe, waar dit hoort. Hoe dan anders? Voorwaar 'n span om op trots te wees.**

Miskien het dit tyd geword dat hul die wenresep verklap. Om te wen is lekker — dit span eintlik net die kroon. Net so bevredigend, is al die ander dinge, wat lei tot uiteindelike sukses. Dit is toegewyde oefening, 'n strewe na sukses, 'n trots op die span se tradisies en die gesamentlike beplanning. Al hierdie dinge is juis bevredigend omdat dit wyer as net swem en wen kring — dit word ook deel van elke dogter se groei.

Om definitiewe doelwitte te stel en om dan intelligent daarna toe te werk is vir die swemspan belangrik. In die proses, leer dit mens om geduldig met jouself en met ander te wees. Dit leer mens selfdissipline en dit skep die vermoeë om goed met jou spanmaats oor die weg te kom en saam hard te werk. En dit maak van sport 'n waardevolle ervaring.

Die swemspan heg baie groot waarde aan spangees. Aan spangees werk mens gedurig. Spangees is die aanvaarding van die betrokkenheid by die ander lede van die span en die gedurige motivering van jouself en jou spanmaats.

Elke swemster is belangrik. Sy moet voel dat sy aan die span behoort. Lojaliteit en ondersteuning van die span skep die geleentheid vir elke swemster om toegewyd aan 'n gemeenskaplike doel te werk wat kan ontwikkel in 'n heerlike spanervaring. Hierdie span is nie identiteitloos nie. Dit is die swemspan van die Afrikaanse Hoër Meisieskool.

**Mej M Bothma**



*Mej. Bothma, afrigster van die swemspan, by haar twee kapteine: Etli Uys en Catharine Somerville.*

**Die Affie-swemspan begin die 1987 swemseisoen met ongeveer 35 swemmers. Daar is 'n paar struikelblokke wat oorkom moes word, naamlik dat die swembad grasgroen was en dat die atletiek heelwat swemmers van die bad na die baan lok.**

Nieteenstaande hierdie probleme begin die groep seuns baie hard oefen onder die bekwame leiding van mev De Jongh wat vriendelik aangebied het om die afrigting te help. 'n Hele aantal seuns kan nie die pas volhou nie en onttrek van die oefengroep. Die oorblywende swemmers vorm 'n hegte groep en 'n gedugte span!


Daar is besluit om aan die Gala's van die Engelse en privaatskole deel te neem. Die kompetisie is baie straf maar die Affiespan openbaar 'n besondere sportmangees. Daar word onder andere Boy's High, Girls High en St Albans deelgeneem.

'n Groot hoogtepunt was die Interhoër. Die finale span vir Interhoër is eers 'n dag voor die byeenkoms finaal saamgestel. Die span is goed voorbereid en daar heers 'n besondere spangees onder die onderskeie ouderdomsgroepe.

Wat die individuele wisselslag items aanbetref, word albei hierdie nuwe items deur Affies gewen. Johan Bekker wen die junior wisselslag aflos en Henry Miles die senior wisselslag aflos.

Wat die individuele items aanbetref sorg die Affies dat altesaam 5 rekords verbeter word.

- Chris Steyn O/15 stel 'n nuwe borsslagrekord op met 'n tyd van 36.41 sek.
- Johan Bekker O/14 'n rugslag rekord met 'n tyd van 34.12 sek.
- Henry Miles O/16 'n rugslag rekord met 'n tyd van 31.22 sek.



*Chris Steyn op pad na 'n nuwe borsslagrekord.*

- Johan Bekker O/14 'n vlinderslag rekord met 'n tyd van 33,87 sek.

Die Affies seniorspan stel 'n nuwe wisselslagaflosrekord op met 'n tyd van 2:09.36.

Ettiene Eygenberger en Erich van der Linde behaal elk 'n eerste plek in borsslag. Die O/15-span behaal 'n eerste plek in die wisselslag aflos asook in die vryslagaflos.

- Die seuns verdien gelukwensinge:
- Affies wen dan ook Interhoër met 'n totale puntetelling van 191.

Na afloop van die Interhoërgala word 'n prestige galaspan aangewys. Affies word verteenwoordig deur: De Wet Smith, Henry Miles, Chris Steyn, Johan Bekker en Erich van der Line.

Johan Bekker behaal 'n eerste plek in vlinderslag en 'n derde plek in die rugslag.

**Mnr J Nel**

# Affies Seëvier!

**Is Affies werklik op die afdraende pad? Noudat ons ewe skielik die atletiek verloor het en nie SASOL gehaal het nie, sê almal: "Ja, kyk, ons het geweet. Affies gaan nog tot 'n val kom!" Maar het ons werklik tot 'n val gekom? Is ons werklik op die afdraende pad? Nee, beslis nie! Affies was nog altyd 'n topskool en sal nog altyd 'n topskool bly!**

Enige skool beleef goeie en slegte jare, maar dit maak nie daarvan noodwendig 'n swak skool nie. Word 'n skool se prestige en aansien ook net aan sy sport gemeet? Wat van gebiede soos kultuur en leierskap? Ook sien ek ons sport nie as swak en ongemotiveerd nie. Dit is alreeds 'n prestasie net om in die A-Bond deel te neem, en wat van ander sportsoorte soos swem en krieket. Het ons nie die swem Interhoër met meer as dertig punte gewen nie? En het ons nie met die krieket tot by die semi-finaal gevorder nie? Om nie eens te praat van die Springbok wat ons opgelewer het nie!

Wen is egter ook nie die belangrikste nie. Die feit dat elkeen in Affies deelneem en sy beste gee, laat ons besef dat deelname veel belangriker is, want hierdeur voel selfs die klein standerd sessie dat hy *iets* vir sy skool doen. Affies is 'n skool wat wye geleenthede aanbied wat net wag om opgeraap te word. Dit is 'n plek wat meelewing en betrokkenheid vereis, 'n plek waar jy die vrugte kan afpluk en trots op kan wees. Op kultuurgebied bied Affies meer as twintig klubs of verenigings waarby jy kan aansluit en elke jaar kom daar nog nuwes by. Ook op leierskap- en akademiese gebied doen Affies sy deel. Gryp net alle geleenthede wat aan jou gebied word met beide hande aan!


## Tradisie

Al word Affies egter ook van al hierdie dinge gestroop, het ons iets wat hulle nooit van ons kan wegneem nie: tradisie. En dit is hoekom ons elke jaar tydens die skool se verjaarsdag die balk dra en dit is hoekom die oud-Affies in hulle duisende saamtrek as daar 'n reünie gehou word. En dit is hoekom Affies nog 'n top skool is.

## Toekoms

Wat hou die toekoms egter vir ons in? Gaan ons daarin slaag om op die tradisie voort te bou of gaan Affies maar net nog een van die vele skole in Pretoria word? As elkeen sy deel doen, *kán* Affies nie ten gronde gaan nie. Deur ons foute leer ons en deur ons foute bou ons. Veg met 'n Affiegees terug. Trek steeds die Affie-wa met durf deur die drif. Glo in jouself, glo in jou skool, maar bo alles, glo in jou God, dan sal Affies se lig altyd helder brand!

**Rudi Stumpf**



*Die oorspronklike balk uit Generaal Piet Joubert se huis, waar Affies begin het, word hier deur die twee onderhoofseuns Heiz Pfluger en Gert Pretorius tydens die skool se 67ste verjaarsdag gedra. Cobus Spaarwater, hoofseun, loop voor om die verjaarsdagboodskap aan die meisieskool oor te dra.*

# Die Keppie word weer kroon in Affieland

Aan die begin van die jaar was dit nie iets snaaks om 'n Affie sonder haar keppie te sien nie.


Die prefekte het met 'n unieke plan van aksie vorendag gekom. 'n Affie sonder keppie se naam word opgeskryf.

Vrydagmiddae moet die keppielose Affies die tuin opknap en bossies uittrek. Deesdae kan 'n mens trots voel as jy al die Affies met hulle 'kroontjies' sien. Baie oproepe is al van buite ontvang om die Affies geluk te wens met die dra van hul keppies.

Mooi so Affies.

Hou so aan.

**Juanita Poolman**



*Let us out! Please, let us out!*

# Affies gaan weer kermis hou

**Onder die leiding van mnr Piet Swanepoel, senior adjunkhoof, beplan Affies 'n gróót kermis op 20 Junie. Dié fondsinsamelingsprojek beloof om 'n baie groot sukses te wees deurdat dit op dié dag van (af)rekenskap met die Galle is.**

Vooraf word daar weer eens 'n kaartjieverkope projek geloods waar 'n groot bedrag van R20,000 gewen kan word.

Sokkiejolle is beslis ook van die gewilde insamelingspogings. 'n Gholfdag maak ook deel uit van dié fondsinsamelings.

Op dié dag waarop maklik 6,000 mense verwag word, sal die Oud-Affies en Old Boy's ook saamtrek met 'n beoogde osbraai.

Met dié ekonoom in Affiegeledere aan die stuur van sake, behoort die geld in te stroom. Dié dag waarop dié twee skole: Affies en Boy's High weer kragte meet op die rugbyveld kan nie anders as om 'n sukses te wees nie. En. . . saam eet, saam drink, saam speel en saam geniet, is altyd 'n wenresep vir sukses!

# Terug na Afrika?

"Wat'se kos vat jy?" . . . "Ek is so bang" "Ek het my "peaceful sleep" vergeet".

Dit was die algemene dinge waaroor daar gesels is die oggend van die vertrek. Almal het 'n nagmerrieprentjie in hul koppe gehad van kwaai ooms wat skree, "hardloop hierdie 5 km en ek wil nie een sien rus nie," en "klim hierdie berg en as een val, kry julle nie kos nie."

Tot almal se verbasing was die veldskool by Waterval Boven net die teenoorgestelde. Die veldskoolpersoneel was baie vriendelik, die beddens sag, die kos lekker en die omgewing asemrowend!

Die eerste dag is daar 6 km na die waterval gestap en in 'n tonnel geëet. Dit het hard begin reën, en die kos wou nie kom nie. Sekere spanne het darem vir vermaak gesorg.

Die twee nagte in die veld was sekerlik die hoogtepunte. Die eerste nag is daar skatte gejag. (Die skatte was onderwyseresse met laterns!). Die volgende dag is daar na die primitiewe lewenswyses teruggekeer skuilings is gebou, strikke is gestel (nie altyd geslaagd nie) en visgevang (glad nie geslaagd nie).



Die Standerd agts het gelyk of hul Tarzan in hul vorige lewens was. Daardie aand is die laterns bekruip. Dit het egter nie met al die groepe ewe goed gegaan nie. Party het die verkeerde lantern bekruip, party het totaal en al verdwaal, en die Duikers was so oorspronklik om hul kompas van R230 te verloor. Gelukkig is dit weer die volgende oggend tussen die graspolle gevind.

Die Standerd 8's wil vir al die dames wat saamgegaan het, en almal wat dit moontlik gemaak het om te gaan, baie dankie sê! Geluk ook aan die Hasies wat gewen het. Sjoep!!

# Grey College

**Die naweek van 13-15 Februarie 1987 gaan die swem en waterpolospan saam met die tennis, gholf en skaakspanne na Grey College in Bloemfontein.**

'n Baie aangename uitstappie. Dit neem ongeveer twee uur om slaapplekke op die trein aan almal uit te deel. Nadat almal hul slaapplekke vir die nag gekry het, is daar met verskeie vermaaklikheidsaktiwiteite op die trein begin. 'n Groep of twee het die tradisionele kaartspel "poker en rummy" gespeel. Ander het harde musiek en eetgoed verkies. Ander het verkies om by die vensters uit te hang en vir mense op die stasieplatforms te "waai" wanneer die trein deur die stasie beweeg.

Die Saterdagoggend word Affies baie vriendelik deur Grey ontvang en dadelik word 'n goeie ontbyt voorgesit.

Die verskeie sportgroepe vertrek na hul onderskeie punte waar die kompetisie sou plaasvind.

Die swemmers openbaar 'n besondere spangees en sit alles in. Affies verloor teen Grey maar voel heel tevrede met die vertoning.

Die middag word daar waterpolo gespeel. Al die swemmers gaan na die Universiteitswembad om die waterpolospelers te ondersteun. Die wedstryde is taai maar die Affies vertoon goed.

Na die waterpolowedstryd word daar heerlik langs die Grey swembad uitgespan. Hier wys 'n paar swem 'akrobate' wat 'n mens alles van 'n duikplank af kan doen. Gibson spring selfs soos 'n baie ervare 'stuntman' van die paviljoen se dak af tot in die swembad!


Na 'n vinnige aandete word daar opgepak om weer te vertrek. Hier begin die groot drama toe. Die bus wil nie "vat" nie. Die tyd stap aan en almal besef dat die groep heel waarskynlik die trein gaan verpas. Daar word besluit om die seuns groep vir groep stasie toe aan te ry. Terwyl die eerste groep weg is, peuter die busbestuurder en 'n paar seuns aan die bus en deur middel van 'n kortsluiting slaag hulle daarin om die bus aan die gang te kry. Enkele minute voor die trein vertrek, kom die laaste groep op die stasie aan.

Sondagoggend stoom die trein Pretoriastasie in.



*Eet ouens, eet die aartappels!*

# VALENTYNSDAG BY AFFIES IS . . .



*En opera is nie sy enigste belangstelling nie . . .*

**Blomme, skelm kykies, koeldrank, naamlose kaartjies en liefdesbriefies.**

Met Valentynsdag 1987 is gepoog om die seuns en meisies spontaan te laat inskakel. Dit is boonop goed vir die lojaliteit teenoor mekaar se skole.

Vooraf is ooreengekom dat die seuns koeldrank sou bring en die meisies moes sorg vir die eetgoed. Die meisies het baie inisiatief aan die dag gelê deur blomme te verkoop vir die wat regtig 'n indruk wou maak.

Wat 'n anti-klimaks was dit nie toe die seuns en meisies in twee afsonderlike groepe gaan sit het na die verdaging nie. Wat kan deur sulke optrede bereik word? Met 'n skakeling is die doel tog om te gesels en mekaar beter te leer ken. Alhoewel een uur 'n bietjie aan die kort kant was, kan daar tog baie vermag word.

Na die skakeling moes almal noodgedwonge terug klaskamers toe, en is daar weer hard gewerk. Hoopvol word die gedagte gekoester dat daar in die toekoms op 'n meer gemaklike en gereelde basis skakelings gehou sal word, wat dié doel om nader kennis te maak sal verwesenlik.


Juicy Lucy

*Geriefkos maar nie gemorskos*


# Veldskool: Uit 'n personeellid se oogpunt

**Elke persoon ervaar iets op sy eie manier. Hoe sou 'n onderwyseres nou 'n veldskool ervaar? Die vraag is altyd daar! Uit 'n groep van ses onderwyseresse kry jy sekerlik ses ervaringsvelde.**

Eerstens leer jy jou mede-personeellid baie beter ken en verstaan. Julle is almal profesioneel opgelei, het dieselfde belangstellings maar tog behou elkeen sy individualiteit, en wat 'n ervaring!

Dan is daar die kinders wat jy op 'n ander vlak leer ken. Wat 'n ondervinding en belewenis. Jy sien die kind vanuit 'n heeltemal ander perspektief en jy leer meer van elkeen as persoon, haar potensiaal, haar eienskappe, haar swakhede.

Aan jouself word daar ook eise gestel. Laat nagte, passiewe, negatiewe leerlinge, avontuurlike ervarings glyklippe en alomteenwoordige gillende vyftienjarige dogters.

Jy sien baie raak, leer baie en verstaan soms die kind beter. Jy hou aan, jy hou tred en jy geniet dit. Jy het iets anders ervaar of beleef wat jou altyd sal bybly. Dit was goed, dit was mooi, dit is verby!

# Matriekbal

Die Matrieks van 1987 het dit weer gedoen. Vir die eerste keer in die twee skole se geskiedenis is daar die termyn 'n bal gehou. Dit was voorwaar 'n groot sukses. Dit was voorwaar iets anders. Dit was lekker.

Die prefekte van die skole het reeds vroeg bymekaargekom en alle reëlings is getref. Daar is besluit om 'n bal op Donderdag, 29 Januarie, as deel vandie skool se verjaarsdagvieringe te hou. Na 'n lang stryery is daar besluit dat die leerlinge kan aantrek wat hulle wil, mits dit formeel is. Rokke is gemaak, kostuums is gehuur en daar is lank getob oor wat nou eintlik aangetrek gaan word.

Uiteindelik het die groot aand aangebreek. Daar aangekom, kon almal gou sien dat die woord "bal" nie eintlik van toepassing is nie, want daar was nie eintlik sprake van ligte musiek nie. Daar was egter wel 'n disko en gou het almal gedans en mal gegaan.

Dit was voorwaar 'n baie lekker en rustige aand. Die matrieks het nie net mekaar ontmoet nie, maar mekaar ook beter leer ken. Sommige het selfs afgehaak en dit is juis 'n bewys dat die bal 'n groot sukses was. Daar kan in die toekoms gerus meer sulke geleenthede aangebied word, want sodoende kan die verhoudinge tussen die twee skole en veral die leerlinge net verbeter word.

**Onnie-cliché's**

Miss Van Wyk: You're still welcome lady!
Mev Du Toit: Toe nou, julle.
Mev Raath: Moenie bekommerd raak nie, mense, dis lekker werk dié.
Mev Winter: You are Fropples!
Mev Esterhuizen: Verstaan julle, dogters? Nou maar gaaf.
Mej Owen: Standard nine's, silence!
Mev Immelman: Tasse onder die banke.
Mev Schoeman: Nee, man!
Mev Van Straaten: Do we have a double girls? O wonderful!
Mej Swart: Jy antwoord nog nie my vráááág nie.
Mev Kuns Prinsloo: Ag, ou vrou.
Mev Bosman: Julle is mos slim.
Mev Noord-Sotho Prinsloo: Dit is nou regtig kis.

# DIE TAO YWERIG BESIG

**Die TAO-lede van die Afrikaanse Hoër Seunskool is weer in volle swang — besig om hul onderskeie bedrywighede van stapel te stuur.**

Onder voorsitterskap van mnr. Willie du Plessis is daar reeds 'n deeglike beplanning vir bedrywighede vir 1987 opgestel waarvan 'n paar al gerealiseer het!

Die Kultuurkomitee onder voorsitterskap van dr. Albert Kloppers het 'n baie geslaagde redenaarskursus aangebied.

Die Aktualiteitsvereniging het afgeskop met 'n puik praatjie oor die Evolusieteorie. Die gevaar van dwelmmisbruik is op 'n volgende geleentheid voorgehou en dit was ook baie leersaam. Die komitee is voorwaar besig met waardevolle werk.

Die Sportkomitee, in samewerking met mnr. James Nel (onderwyser), wat met die swem gemoeid is, het ok baie mooi aanbevelings gemaak, vir die toekoms, na die geslaagde swemseisoen wat met die Interhoëroorwinning afgesluit het.

Daar word ook daagliks na die Affies se veiligheid omgesien.

Die Finansiële komitee is ook aan die werk om die fondse vir die swembadherstelfonds te in.

Die Onthale komitee is baie hard besig om onder mev. Esme du Plessis se leiding te werk. Dié dames is deurlopend besig met groot dienslewering aan die skool — kosvoorsiening verg baie beplanning en ure se voorbereiding. Aan dié hardwerkende moeders is groot dank verskuldig vir hul onbaatsugtige dienslewering. Die seuns het reeds groot waardering vir die na-skoolse kosvoorsiening onder leiding van mev. Elma Gildenhuys en haar span. Mevv. Vera de Klerk en Hettie Stumpf neem dan ook met hul helpsters die verantwoordelikheid op hulle vir die kosvoorsiening by sportbyeenkomste.

Die dames sorg ook vir die klerebank by die skool — die herverkoop van gebruikte skooldrag.

Prof. Silvia Viljoen spreek die skool op Vrydag, 13 Maart toe op aanbeveling van die Opvoedkundige leidingskomitee. Oor ouerskap, 'n geleentheid of 'n verleentheid, 'n tema wat sy reeds gedurende 1986 op 'n geslaagde wyse met die ouers bespreek het.

## Klerebank

Vanaf Maandag, 16 Maart, sal baie goeie, gebruikte skoolklere weer by die skool te koop wees.

Die "klerebank" sal **elke Maandag** tussen 13h30 en 14h30 (1.30 — 2.30) funksioneer. Klere, só goed soos nuut word teen baie billike pryse verkoop. Dié klere word agter op die verhoog in die saal verkoop.

Mev I Harms kan by 46-8110 gekontak word.

## Na-skool verkope

Maandae tot Donderdae vanaf 13h40 tot 14h15 kan leerlinge vir hul Middag ete in die Appelkas koop.

Teen so min as een rand kan iets te ete en te drinke gekoop word.

Coke (30c), smaaklike vleispasteie (90c), "dougnuts" (50c), "hotdogs" (70c) en koue vleisbroodjies (70c) word aangebied.

Kom ondersteun dié voorreg wat die TAO-moeders jul bied!

# Romanse blom in Affies


**14 Februarie, Valentynsdag, beteken vir die romanties, 'n dag om uiting aan hulle gevoelens te gee. Dit is ook daarom dat al die meisies van Meisieshoër die oggend van 13 Februarie die straat oorgesteek het na die buurskool.**

Daar aangekom, was daar eers Skriflesing en gebed asook 'n lesing aangaande die deugde van die Voortrekkers. Daarna het die res van die besoektyd aan die leerlinge behoort.

Rooi rose is deur die koshuisleerlinge verkoop en dié ouens wat nog nie met 'n blom gewapen was nie, het gou 'n stap in die regte rigting geneem deur vir die meisie van sy keuse 'n roos te koop.


Die meisies het dié Vrydag weer eens besef, dat die pad na 'n man se hart deur sy maag loop en op hulle beurt 'n voorraad sjokolade en koeldrank gehad.

Na 'n aanvanklike huiwering, het die ruiling plaasgevind en kort voor lank is nuwe vriendskappe gesmee. Dit was 'n antiklimaks toe almal na 'n halfuur na hulle onderskeie klasse moes terugkeer. Almal het die saamkuier baie geniet.



*Dit spreek vanself!*

# Skool se verjaardag



*Oud-hoof, prof G J Potgieter en die hoof, mnr T L P Kruger.*

*29 Jan 1987. Vyf-en-twintig prefekte stap by die skool verby met 'n boek uit Piet Joubert se huis. Op verrykende wyse is daar toe oor die skool se geskiedenis en verskillende belewenisse van die sprekers, aan die gehoor oorvertel. Die verskillende sprekers was mnr. Edwards, Kobus Spaarwater, Heinz P H Pfügler, Gert Pretorius en Liezel van Heerden. Na die verrigtinge het die meisies hul gesmelte sjokolade aan die seuns oorhandig. En op hul beurt het die seuns weer vir hulle warm koeldrank gegee. Daar is baie nuwe vriendskappe tussen die seuns en dogters gesluit. Al die kinders het dit terdeë geniet.*

*Dit was egter nie die einde van die verjaarsdagvieringe nie. Dieselfde aand het die oud-Affies bymekaar gekom tydens 'n kaas-en-wynonthaal. Daar was omtrent 300 oud-Affies aanwesig. Onder die oud-Affies was oud-minister Hendrik Schoeman wat 'n erepenning ontvang het en daarna 'n toespraak gelewer het. By dieselfde geleentheid is daar aan tannie An van Tonder eer bewys vir haar 38 jaar by die skool.*

*'n Klomp oud-Affies het besluit om die ou-Affiekreet te skree. Die hoof was blykbaar so beïndruk dat hy die gedagte gewissel het om die nuwe kreet met die oue te vervang.*

*Die Oud-leerlingbond het toe weer eens 'n nuwe bestuur gekies. Mnr. Jan Pretorius, oud-hoofseun van 1959, is as voorsitter verkies en mnr. Piet Delport, oud-hoofseun van 1970, as onder-voorsitter. Ander lede op die bestuur is mnre. R. Oosthuizen, Cor Papenfus, C.P. Fourie en P. Edwards. Daar word ook 'n reünie vir 1966 matrikulante vir die einde Mei gereël.*

**H. Viljoen**



**Min. Hendrik Schoeman en tan' An van Tonder wat 38 jaar 'n Affie is.**

# VAN 'N MOLSHOOP 'N BERG MAAK

Stiptelik om 07h30 is die St 6'e gereed om die nuwe lewe in te vaar. Bang vir die wreedaardige Matrieks skuifel hulle die saal in. Hulle sit soos sardyntjies ingeprop, net om seker te maak dat daar genoeg sitplek vir die Matrieks is. Na saal word daar vir die Sesse 'n 3 folio-lange lys van reëls voorgelees: "die droogtes; haai-aanvalle en oorstromings van die Apiesrivier is alles te danke aan julle, plaak!" Die Matrieks het heelwat te sê as een van die Sesse 'n voet skeef sit, maar dit was nog net die begin van alles. Pouse het die Standerd sesse soos 'n seer oog uitgestaan: die veelkleurige laerskooluniforms kan beslis, nie misgekyk word nie. Hulle is soos soldate opgekommandeer: "naam, van, rang, nommer en klas", het die Matrieks soos wafferse sersante uitgeroep. Elke skoen het sy lees gekry. As jy deur die skool stap, het jy soos 'n mier teen Goliat gevoel. Die arme Plaak het aanvanklik baie verdwaal, maar het vinnig reggekom. Vir sommige was dit egter net te veel en hulle het flou geval of in trane uitgebars.

Almal was baie opgewonde oor die eerste skoolfunksie 'n fliek — totdat die arme Sesse gehoor het wat hulle moes aantrek en saamneem: 'n knoffelhuisie, skoolskoene, 'n rok met 'n langbroek onder en 'n kussing. Dit was maar die basiese riglyne, maar meisies het toe glad nie so sleg gelyk, in vergelyking met die Sesse van die ander geslag nie!

Na nog 'n paar byeenkomste, het die Matrieks die Standerd sesse begin ken. Die Standerd sesse word toe selfs, soos elke ander jaar, die beste Standerd sesse ooit genoem. Met die groentjiekonsert is daar baie talent weerspieël en almal was ingenome.

Uiteindelik, na die lang gesukkel,



*Cynthia, dit is darem maar snaaks!*

## Mev Fullard verkies eie vervoer

**Die st 8-biologie leerlinge het die uitstappie na die Dieretuin só geniet dat hul graag die genot wou voortsit deur 'n verdere af-periode te bekom.**

Groot was die vreugde toe hul die busbestuurder wat hul weer by die skool moes terugbesorg, kon oortuig dat mev Fullard en mnr Karl-Heinz Venter met eie vervoer terug skool toe sou gaan!

Mnr Swanepoel moes van Van Zyl vra om hul en die ses seuns wat "agterlaat" is, te gaan haal. Mev Fullard is nogal heel maerder tussen die twee fris manne voor in die oranje bakkie gedruk! En was sy nié kwaad vir die seuns nie!

## Eerlikheid duur die Langste

**Die Affies is trots op Riaan Postma (st 7) wat bewys het dat eerlikheid en medemenslikheid beslis moet seëvier. Riaan het 'n beursie waarin baie kontant en 'n tjekboek was, opgetel en aan die regmatige eienaar terugbesorg. Dit wil gedoen wees.**

Hopelik word Riaan se eerlikheid ook in die toekoms aan hom beloon.

# 'n Resensie

**Truk opvoering:** *'n Reisiger.*
**Datum: 19 Februarie**
**Akteurs:** *Onbekend (sekuriteitsredes).*

**Maandagoggend net voor langpouse daag vier (amateur) akteurs by die saal op. Al die matrieks en St neges word na die saal ontbied. Vier periodes gaan "gemis" word! 'n Ruising trek deur die saal.**

Op die verhoog staan twee rooi traplere met 'n plank tussen in. Agter staan daar 'n klank-apparaat van een of ander aard en 'n paar helder strandstoele staan op die verhoog rond.

'n Kort mannetjie met 'n wit gebleikte kuif en kruisbande asook 'n wit jong reus klim op die verhoog. Die ou grote het seker nie lekker geslaap nie, hy is baie ongelukkig oor die geselsery. Dit staan hom nie aan nie. Hy sê hy sal sommer sy goed vat en loop; dan kan almal maar weer in die klasse gaan sit! (Shame!)

'n Baie deurmekaar en abstrakte toneel begin op die verhoog afspeel. Al wat ons moet doen, is stilbly en dit geniet(. . .) Die eerste toneel gaan oor 'n voëltjie wat in 'n kragpaal vasgevlieg het. Dit was goed en almal het aan hulle lippe gehang. Blykbaar is hulle goed met eenvoudiger dinge. Met die aanvang van *Julius Caesar* en *Germanicus* verstaan niemand meer iets nie en almal gaap.

Tot nou toe weet niemand wat oor die infantiele groepie op die verhoog gekom het nie, maar almal is dit eens . . . dat die betrokke meneer oor gereageer het.

Soos mevrou Le Roux gesê het: " 'n Arrogante, blazé, klein . . ."

# REDAKSIE 1987

**Redakteur**
Rudi Stumpf

**Sub-redakteur**
Evan Andreou

**Algemeen**
Christoffel Bleeker
Fanie Herman
Hendrik Viljoen
Jan-Albert van den Berg

**Sport**
Arno Steynberg
Carl Esterhuysen

**Kultuur**
Luan Kloppers
Alwyn Kaltwasser
Alber Bekker
Willem van Staden

**Foto's**
Albert Pretorius
Bennie du Toit
Hans Gildenhuys

**Redaktrise**
Helena Barnard

**Sub-redaktrise**
Cornel Breytenbach

**Kultuur**
Juanita Poolman
Laura Nothnagel
Sunél Smit
Liesel van Vuuren
Brenda Maree

**Sport**
Ronel de Beer
Hedwig Schuman

**Foto's**
Danelle van As
Jeanne le Roux
Krista van Rijn

**Algemeen**
Ellen Nicol
Liese Tegtmeier

**Reklame**
Lia Chrissopoulos
Janine van Staden

## BRIEWE

*Die Affie-gees*

*Geagte Redaksie*

*Elke skool het iets spesiaals as kenmerk. Affies se eerste kenmerk is dat dit 'n seunskool is. Sy tweede en belangrikste kenmerk is dat Affies altyd saamstaan en sy gees. Soos enige skool het Affies ook hoogte en laagtepunte in sy bestaan, maar as oor die algemeen gekyk word na prestasies op sowel akademiese as sportgebied, styg Affies bo die ander skole in die Transvaal uit!*

*Daar is sekere dinge wat Affies se gees bepaal. Die een is tradisie. Iets wat al 67 jaar in Afrikaans Hoër Seunskool teenwoordig is. Die volgende belangrike faktor wat gees bepaal, is die matrieks. Sonder 'n matriekgees kan die res van die skool maar vergeet.*

*Om gees te verwek speel Magnoliadal ook 'n belangrike rol, want dit is tradisie . . .*

*In die sportveld is dit veral rugby en atletiek waar die Affiegees die sterkste na vore kom. Die Affiegees prima is sekerlik voor en tydens die Admin rugby finaal. Daar is niks wat by die gevoel en atmosfeer kom as jy tussen 850 Affies sit terwyl hulle in afwagtende spanning begin gees vang.*

*Die Affie-gees is uniek.*

**B. du Toit**

*Geagte Redaksie*

*Graag wil ek as swemorganiseerder die waterpolospan en swemmers wat so hard en pligsgetrou geoefen het, baie dankie sê vir jul bydrae. Baie dankie vir julle lojaliteit teenoor die soort asook jul heel besondere spangees! Met sulke sportmanne kan dit net van krag tot krag gaan.*

**Mnr. J. Nel**

# OUD AFFIE VAN DIE TERMYN



Mnr P.J. Poolen

**Mnr Pieter Jan Poolen is op 21 Januarie 1922 te Rotterdam in Nederland gebore. Hy was die enigste kind. Reeds as kind het hy 'n groot belangstelling in die musiek ontwikkel aangesien sy vader die E-mol enjanium bespeel het.**

Mnr Piet Poolen het op sewejarige ouderdom met trompetlesse begin. Hy het hierdie lesse gedurende sy skoolloopbaan privaat geneem. Op skool was hy ook 'n kranige sokkerspeler en het hy aan verskeie fietswedrenne deelgeneem.

Op 16-jarige leeftyd wen hy 'n studiebeurs vir trompet en begin sy tersiêre opleiding aan die Koninklike Konserwatorium in Den Haag. Hy ontvang onder andere onderrig by die wêreldbekende musikus Henk Baden. Terwyl hy besig was met sy musiekstudies, bemeester hy ook die viool as 'n by-instrument. Gedurende sy studiejare speel hy in verskeie dans- en blaasorkeste. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog breek 'n studenteopstand in Den Haag uit (1942). Alle akademiese instansies is gesluit en so in sy studies dan, slegs drie maande voor sy finale eksamen, beëindig.

Oom Piet, soos ons almal hom ken, het tot en met 1950 in verskeie groot blaasorkeste gespeel. In die tyd het hy bekendheid as musikus verwerf. Hy het besonder baie afrigtingswerk gedoen en van sy vroeëre privaatleerlinge is vandag bekende musikante. Hierdie musiekgenie het in Oktober 1950, die grootste terugslag van sy lewe ervaar — 'n lipbreuk. Na hierdie traumatiese ervaring moes hy die trompet vaarwel toeroep en hom op afrigtingswerk toelê.

Meneer Poolen is op 29 Julie 1942 met Antonio Petronella getroud. Uit die huwelik is elf kinders gebore. Vandag spog hy met 32 kleinkinders en selfs 'n agterkleinkind.

Terwyl oom Piet aan die Koninklike militêre Kapel in Holland verbonde was, het 'n ene Kaptein Albertein van die Suid-Afrikaanse Weermagorkes Europa besoek en oom Piet 'n baie belowende betrekking in die Weermag aangebied. So is hy dan met die rang van korporaal in 1958 in die Suid-Afrikaanse Weermag aangestel.

As gevolg van sy lipgebrek was hy genoodsaak om 'n ander instrument as die trompet te bespeel. Gou het hy tuis gevoel agter die E-mol bastuba. Vir 23 jaar was hy dan ook die hoof basspeler van die Suid-Afrikaanse Weermag. In die Weermagorkes is hy bevorder tot die rang van Adjudant Offisier van die eerste klas. Hy het die Weermagorkes op verskeie toere vergesel en was al menige kere in die geselskap van verskeie van ons Staatspresidente. Mnr Poolen was die stigter van militêre orkeste in die Swart Tuislande. Hy het onder andere die Transkeise Weermagorkes tot groot hoogtes gelei.

Op 1 Maart 1960 word hy dirigent van die Afrikaanse Hoër Seunskool Blaasorkes, 'n pos wat hy tot Februarie 1987 beklee het. Hy het die pos by die hedendaagse professor aan die Universiteit van Stellenbosch, Paul Zuylerberg oorgeneem. Oom Piet het 'n geliefde in Affieland geword en het die blaasorkes tot groot hoogtes gelei.

Oom Piet het ook die orkes van Prinshofskool afgerig, en tans is hy adviseur van blaasorkesafrigting by die Laerskool Louis Leipoldt in Verwoerdburg. Verder was hy senior lektor vir koperblaasinstrumente aan die Musiekkonserwatorium in Pretoria.

In sy afskeidstoespraak by Affies het hy gesê: "Daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan, en dit het tyd geword om te gaan." Op 65-jarige ouderdom tree oom Piet af. Sy onbaatsugtige diens, nie net aan Affies nie, maar ook aan Suid-Afrika sal vir altyd hoog op prys gestel word.

Oom Piet het my die versekering gegee dat hy na wonderlike jare by Affies en 'n gelukkige lewe in Suid-Afrika, sy aftrede terdeë gaan geniet. Oom Piet sê hy gaan nou net visvang met die stok wat hy as geskenk van die Affies ontvang het. En terwyl hy moet wag vir die forrelseisoen werk hy maar blokkiesraaisels uit.

Aan meneer en mevrou Poolen, namens *Stroom-op*, baie dankie vir 27 wonderlike jare by Affies. Geniet die aftrede, rus lekker en vang sommer baie vis. Die Affies en in die besonder die blaasorkes sal u mis, maar ons beloof om u nie teleur te stel nie.

**Luan Kloppers**



*Die orkes in aksie.*

# Stroom-op: in of uit?

**Ellen Nicol**

**Wat is Stroom-op se plek as skoolkoerant in die Affie-gemeenskap? Het Stroom-op nog enigsins bestaansreg? Word sake waarin skoolkinders belangstel aangeraak òf is dit net die fotoblaaie wat aftrek kry?**

Dit is vrae soos hierdie wat die redaksie laat besluit het om 'n meningspeiling te loods. Met die volgende vrae hoop die redaksie om 'n objektiewe beeld van Stroom-op te kry sodat aanpassings, indien nodig, gemaak kan word om te verseker dat alle Affies die skoolkoerant van voor tot agter sal geniet.

Beantwoord die volgende vrae so eerlik as moontlik en gee die vraelys op die eerste dag van die tweede termyn by jou klaskaptein in.

Maak asseblief 'n duidelike kruis in die blokkie wat van toepassing is.

1. In watter skool is jy? — AHS ☐ AHMP ☐
2. In watter standerd is jy? — 6☐; 7☐; 8☐; 9☐; 10 ☐
3. Hoeveel leesstof bied Stroom-op? — Te veel; Genoeg; Te min. ☐ ☐ ☐
4. Lees jy ooit die **hele** koerant **dwarsdeur**? — Altyd; meestal; soms; nooit. ☐ ☐ ☐ ☐
5. Indien nie, watter berigte lees jy wel? — sportberigte ☐; kultuurberigte ☐; diepteartikels ☐; gereelde rubriektipe berigte ☐ (byvoorbeeld in en uit, ens.)
6. Lees jy berigte van die ander skool ook? — Almal; soms; nooit. ☐ ☐ ☐
7. Is die balans tussen berigte van AHS en AHMP reg? — Ja ☐ ; Nee ☐
8. Indien nie, watter skool kry te veel aandag in Stroom-op? — AHMP ☐ ; AHS ☐
9. Word alle standerds ewe goed in Stroom-op verteenwoordig? — Ja ☐ ; Nee ☐
10. Indien nie, watter van die standerds word afgeskeep? (Meer as een, indien nodig) — 6; 7; 8; 9; 10. ☐☐☐☐☐
11. Word die ware gevoel van die leerlinge in berigte aangaande skoolsake weergegee? — Altyd, soms; nooit. ☐ ☐ ☐
12. Het die leerlinge self 'n groot genoeg aandeel en sê in die koerant? — Ja ☐ ; Nee ☐
13. Word daar genoeg foto's geplaas? — Te veel; genoeg; te min. ☐ ☐ ☐
14. Word die berigte volledig genoeg geskryf? — Te volledig; volledig genoeg; onvolledig. ☐ ☐ ☐
15. Is daar 'n goeie balans tussen sport- en kultuurberigte? — Ja ☐ ; Nee ☐
16. Indien nie, watter berigte kry te veel aandag? — Sport ☐ ; Kultuur ☐
17. Is daar 'n goeie balans tussen nuus- en vermaaklikheidsberigte? — Ja ☐ ; Nee ☐
18. Indien nie, watter berigte kry te veel aandag? — Nuus ☐ ; Vermaak ☐
19. Waaroor behoort die hoofartikel te handel? — Skoolsake ☐; Landsake ☐; Tienersake ☐; Opvoedkundige onderwerp ☐
20. Het jy enige spesiefieke voorstelle of kritiek? ..............

.................................................................

# Standerdrade kan kommunikasieprobleme oorbrug

**Die ganse samelewing lewer bewys daarvan, dat ons deesdae by mekaar verby praat. Wat ek sê, word nie noodwendig deur jou gehoor nie. Partykeer is die gevolge daarvan amper aardskuddend. Hoe herstel 'n mens so 'n fout? Wat kan gedoen word om die regte boodskap oor te "sein"?**

**Eerstens moet die waarde van verdraagsaamheid nie onderskat word nie. 'n Kommunikasiegaping word gewoonlik veroorsaak deur albei partye. Ongeag of jy die fout gemaak het, en of daar teen jou gefouteer is, is 'n kabaal meestal onnodig.**

**Soms is dit wel nodig om beslis op te tree, om standpunt in te neem en daarby te bly. Die kanale wat vir kommunkasie geskep is — by ons skool die standerdrade en prefekte, in die samelewing die pers en openbare vergaderings — moet gebruik word. Optrede moet daar wees, maar 'n verantwoordelike optrede 'n optrede wat jou standpunt sal motiveer.**

**Daar is soms verskille in ons skool — soms selfs tussen leerlinge en onderwysers. As die kwessie belangrik genoeg is om beslis oor op te tree, is dit belangrik genoeg om regverdig deur ons hanteer te word. Dit vereis dat jy 'n goeie kommunikeerder sal wees deur na ander te luister. Oorweeg albei kante van die saak so objektief as moontlik. Daarná kan optrede volg, solank dit binne jou bevoegdhede lê.**

**Die standerdrade word saamgestel uit 'n standerdvoog, 'n voorsitster (prefek), 'n sekretaresse (prefek), tesouriere (prefek) en 'n addisionele lid (prefek).**

**Klaskapteins van alle klasse word ook deur die leerlinge verkies. Hierdie raad vergader minstens een maal per maand.**

**Die plig van die standerdraad is eerstens om 'n standergees te bou. Hulle bevorder ook die bywoning van skoolfunksies en sportbyeenkomste met die oog onder andere op die insameling van punte. Die standerdrade is ook verantwoordelik vir fondsinsameling, netheid van kleedkamers en netheid van klaskamer. Alle voorstelle met betrekking tot ander skoolsake, eksamenroosters en vervoer probleme word ook via die standerdrade onder die aandag van die personeel gebring.**

***Stroom-op* wens die standerdrade alles van die beste toe. Mag dit lei tot goeie kommunikasie tussen die leerlinge en die personeel. Mag die kommunikasie gaping sodoende verdwyn**

**Helena Barnard (red)**








WAAR'S GRIFFEL NOU




KOSIE, KARON, MELISSA
JOANETTE















NOW, WHERE'S MY PORSCHE?


ET TU BRUTE!






... DINK JY NIE OOK HY'S OULIK NIE?


— EN DIE AARDAPPEL, OUBOET...








RENT - A - GENT
TEL: 43-7155


HS RULES







AG KOOS KRY NOU KLAAR! - MY BENE WORD MOEG!















HOE JEUK 'n BYTPLEK NOU?



# Flou grappe !

*Koos en Piet sit en wonder hoekom is Piet se horlosie stukkend. Hulle besluit toe om die horlosie oop te maak.*

*Binne-in kry hulle 'n dooie vlieg. Koos sê vir Piet dat hy mos gesê het, dat die "driver" dood is.*

*'n Dronk man stap al met die treinspoor langs. 'n Polisieman vra hom toe, hoekom hy daar loop. Hy antwoord toe dat hy baie bly is dat dit 'n treinspoor is, want hy het gedink die trappe se reëlings is baie laag.*

*Adolessensie is die ouderdom wanneer kinders ophou om vrae te vra omdat hulle self die antwoord ken.*

*Waiter, there's a dead fly in my soup.*
*Chinees waiter "What does sir expect for ten jen, a dead eagle?"*

*Wat is die definisie van 'n baba?*
*'n Kleinerige mensie met 'n yslike stem aan die bokant en geen sin vir verantwoordelikheid aan die anderkant nie!*

*'n Koshuisseun wil geld van sy pa hê. Die pa ontvang 'n briefie:*
*"I need some money*
*It's nothing funny*
*Your Sunny!"*
*Seun ontvang 'n antwoord:*
*"To bad, to sad, your dad!"*

*Mike Schutte moet sy kind bad. Toe sy vrou in die kamer kom, sien sy dat hy die kind an sy ore heen en weer in die bad swaai. Sy vra hom toe wat hy doen en hy sê dat hy sy hande sal verbrand as hy dit in die water sit.*


## Flouer grappe

*Hoe kom drie Jode uit die kerk sonder om kollekte in te gooi?*
*Een val flou en twee dra hom uit.*

*Toppunt van gemengde gevoelens — as jou skoonma met jou nuwe sportmotor oor 'n afgrond stort.*

*In Ethiopië is dit so droog die skape lê die miere voor om hulle gras af te vat.*

*Eerste seuntjie: Ek's vyf. Hoe oud is jy?*
*Tweede seuntjie: Ek weet nie presies nie!*
*Eerste seuntjie: Pla meisies jou?*
*Tweede seuntjie: Nee!*
*Eerste seuntjie: Dan's jy vier!*




*Is meneer nie 'n bietjie ërnstig oor die Biologietoetse nie?*

1. **Laka — Shoplifters of the world unite.**
2. **Polla — Notorius.**
3. **Albêr — Skin Trade.**
4. **Roux en Kriek — Two of Hearts.**
5. **Omo — Sonicboom boy.**
6. **Rudi — O L'amour.**
7. **Bacchus — Love is . . .**
8. **Spikkels — Eyes without a face.**
9. **De Munnik — Radio Musicola.**
10. **Mnr. Van Rooyen — Boys don't cry.**
11. **Kiki Myburgh — Like flames.**
12. **Mnr. Van Deventer — Don't need a gun.**
13. **Mev. Lombaard — You're in the army now.**
14. **Spike — Don't kill the animals.**
15. **Chai — Ek is 'n eensame krokodil.**

# Die Groentjiekonsert

**Op Vrydag, 16 Januarie, het al die st 6-leerlinge van die Afrikaanse Hoër Seunskool hulle jaarlikse Groentjiekonsert gehou. Vele ouers en onderwysers het dié aand se verrigtinge bygewoon. Die verrigtinge is om 07h00 met Skriflesing en gebed, deur die hoof, mnr. Kruger, begin. Die gees in die skoolsaal het dadelik begin regkom met die verloop van die eerste items.**

0 Baie mense uit die gehoor moes die aand in van die items optree, en poetse is op hulle gebak. Na elke lid sy bydrae tot die konsert gelewer het, het elkeen 'n erekode van die skool ontvang. Theo van der Linde het namens al die st 6-leerlinge die erekode voorgedra. Die verrigtinge is toe afgesluit met die skoollied wat elke st. 6 uit volle bors gesing het. Nóg 'n groep st. 6-leerlinge is die aand as Ware Affies onthef.


**Werner van Niekerk (St. 6)**

Die 1987 se standerd sesse van die Afrikaanse Hoër Seunskool het op Vrydag 16 Januarie 'n Groentjiekonsert gehou in die skoolsaal. Dit is die geleentheid waar die standerd sesse vir die eerste keer hulle talente aan die ouers en skoliere toon. Die doel van die hele konsert is dat die standerd sesse as volwaardige Affies ingelyf kan word. Na die erekode voorgedra is en skoollied gesing is, is die standerd sesse volwaardige Affies.

**Tom Koekemoer (St. 6)**

# Matriek-cliché's

Sharita: Ag hemel, daardie man maak my mal (soos in l-a-m)!
Lucy: Is jy ernstig?
Liesel: Dis vir my so verkeerd (dat Corné nie hier is nie)
Rochelle: Kyk hier, né.
Cornel: Wie kom die naweek saam Bokjol toe?
Wilma: Weet julle waarvoor is ek nóú lus?!
Andrea: Chap! Wanneer hou ons weer 'n "party"?!
Landi: Hierdie st 6e maak my mal!
Lize en Mandi: Ons is honger!
Lize: Ek is altyd honger *(raai wie's 'n koshuisbrak!)*
Xandrie: Ek is besig om HISTERIES te raak!
Juanita: Ek is ongeloooflik lief vir André!
Sonja: Tell me about it!
Deidré: Ek weet nie wat om te doen nie!
Gènna: Jy doen!
Ané en Laura: Cobus met 'n "C" of "K"?
Sonja: Ag, jou pateet!
Matriek: NIKS pla my meer nie.



*Wat doen my seuns nou alweer?*

## Stel jou voor

Mnr. Van Deventer sonder "nag".
Mnr. Kruger (krag) sonder sy "Rambo".
Mnr. Nel sonder 'n "Porche".
Mnr. Van Zyl sonder 'n "werk".
Mnr. Deysel in "Sowèto".
Mnr. Van As sonder 'n "blow torch".
Mnr. Voges sonder 'n "volstruisskop".
Mnr. Swanepoel sonder sy "Chesterfield"
Mnr. Edwards sonder 'n "aandag parasiet soos Hew Potgieter".

## KOM FLIEK SAAM . . .

Mej van den Berg — Youngblood
Mej Visser — Leagal Eagels
Mej Owen — Gentlemen prefer Blondes
Mev Du Toit — Quicksilver
Mej Vink— Back to the Future
Mej Bothma— Jumpin' Jack Flash
Mev Pieterse — Pretty in Pink
Mev Ferreira-Haunted Honeymoon
Mev vd Hoven — Back to School
Mev Nel — The Mission
Mev Bosman — Howard — A new breed of Hero
Mej Venter— Woman in Red
Mev Dorey — Big Trouble in Little China



Los my voet, anders slaan ek jou met die pik!"

Bruilofsgas: "Dis jou vierde dogter wat trou, nê?"
Skot: "Ja, en die confetti begin nou rèrig vuil word."

# *Van Groentjie tot Sessie*

**Vir die meeste van ons hardebaard-Affies beteken die eerste skooldag van die jaar net die begin van nog 'n jaar van marteling. Vir 'n st. 6-leerling is dit egter 'n perd van 'n ander kleur.**

Sommer vroeg-vroeg op daardie veelbewoë eerste oggend is al die groentjies staangemaak teen dié muur. Soos elke ander ware Affie, het hulle ook hulle deel bygedra om die Mediasentrummuur am te stoot. Wie weet, miskien eendag . . .

Dit was die begin van 'n lang en intensiewe oriënteringsproses wat die groepie vreemdelinge sou saamsnoer tot 'n hegte eenheid. Dit is hier waar die vurke (!?) van die lepels geskei word.

Die mense wat verantwoordelik was om die gapings in hul opvoedings te vul was natuurlik die prefekte. Dit was hul betreurenswaardige taak om elke pouse in 'n "Dumbo" se gevreet vas te kyk. Hulle is darem aan die einde van die twee weke met 'n bottel koeldrank en n pak skyfies beloon.

Voordat hulle toegelaat is om die Affie-das aan te sit, moes elke st. 6 eers deeglik getoets word. Alhoewel daar 'n paar sluipers was, het die oorgrote meerderheid van hulle die toets met vlieënde vaandels geslaag. Na die afloop van die groentjiekonsert is hule as volwaardige Affies "gebrandmerk."

Affies kan voorwaar uitsien na 'n puik matriekgroep in 1991!

**Albér Bekker**



*Die matrieks hou partytjie*

# ST 9 SÊGOED

Sonja: "Wat? Op watter dieët is jy? Ek moet dit by jou kry!"
Sharon: "Jy dink dit is so, maar jy is verkeerd, dit is nie so nie."
Bokkie: "Julle, kom ons redeneer nou soos grootmense."
Anka: "Ek is in só 'n mál bui!"
Helena: "Ek is só lief vir Werner!"
Christa: "Raai wat? Toon kom huis toe."
Liana: "Ek het absoluut niks geleer nie en absoluut niks huiswerk gedoen nie, vandag gaan weer een van daai dae wees."
Krista: "Dis Fábulous!"
Wilma: "O, daai kind irriteer my."
Petro: "Ek glo dit nie!"
Monique: "EK weet nie, dit is nie ek nie."
Brenda: "Jy jok."
Nicky: "Hy is 'n regtige riller."
Lindie: "Joune ook liefie."
Heleen: "Heitsj!"

*Hoekom voer Ethiopië so baie tuinslange in?*
*Daar is 'n gebrek aan slaapsakke.*

*Waar kry jy die meeste Ethiopiërs?*
*Hang af hoe die wind waai.*

*Hoekom het eende plat pote? Om vure dood te trap.*
*Hoekom het olifante plat pote? Om brandende eende dood te trap.*


*Dokter: Hierdie is 'n baie gevaarlike siekte; mense sterf daarvan wat nog nooit vantevore gesterf het nie.*

**Henk Boshoff (St. 9)**

| IN | UIT |
|---|---|
| Joolplaas | Sokkiejolle |
| Waterpolo | Atletiek |
| Koöperasiestories | Bill Cosby |
| Folk | Rock |
| Die Son Struikel | Julius Caesar |
| Vakansies | Skool |

# A male teacher at "Die Afrikaanse Hoër Meisieskool"

**"What, a male teacher at this school? Incredible!" Mr Ballam was our first male teacher in many years. He was born in 1962 in Rhodesia, nowadays called Zimbabwe.**



*Mnr Ballam*

His family came to South Africa in 1979. He didn't really enjoy school except highlights such as his standard 5 and 10 years. When he was a toddler he wanted to become a doctor but in later years the choice lay between law and teaching. In the end the love he had for children won and he went to study B Prim Ed at the Pretoria College of Education.

Before he came to Meisies Hoër, he had taught art at Randpark High. It is a co-educational school and according to Mr Ballam, boys provide a more rebllious atmosphere in class. When Mr Ballam heard that he was being sent to Meisies Hoër he was bitter, because the authorities had lost his papers. He tried to imagine what the principal would look like and that tarrified him. He imagined a lady with grey hair and a grey flannel suit. It took him half an hour of teaching at the school to lose his bitterness.

While teaching at Affies he gave drama classes after school. With these drama classes he hoped to give the children tools to find themselves and to provide them with a christian perspective on drama. Although he did not study drama at university, he was involved in drama at school and university and he gave all the Affies quite a show when he performed on stage as Bob Dylon and Elvis Presley.

He was married on January 1986. He and his wife don't have a TV, not because it's "evil or anything" but because they like to sit and read poems and books to each other.

He has quite a few hobbies such as studying wild life, reading and music. He doesn't really like physical exercise although he has run 2 road races.

For the future he is planning either church ministry, the mission field or lecturing at the university. His motto is: 'Live life' and with the help of God he will undoubtedly make a success of life.

**Brenda Mare**

# "Die goeie van spreker-wees"

**Die redenaarskuns werk vormend op 'n mens in. Dit ht die vyftien redenaars, wat die afgelope termyn, die redenaarskursus bygewoon het, terdeë besef. Die kursus wat deur die Afrikaanse Departement onder leiding van mev T le Roux gereël is, is deur die baie bekwame dr A Kloppers meesterlik aangebied.**

Die kursus het oor vier Maandae gestrek en die sprekers het gegroei onder die bekwame "tong" van die leermeester. Daar is nie alleen aan toesprake geskaaf nie, maar ook aan elkeen se persoon. Die Affies het hulself ook beter leer ken.

Die kursus is Vrydagaand, 6 Februarie, met 'n Redenaarskompetisie afgesluit. Die toesprake sowel as die optrede van die sprekers was van hoogstaande gehalte en die uiteindelike wenner van die prestige skild in die redenaarskursus, was Luan Kloppers. Kort op sy hakke was Jan-Albert van den Berg (tweede) en derde, Rudolph de Jager.

Die aand is afgesluit met 'n gesellige saamverkeer van die redenaars en hul ouers; die Afrikaanse Departement-personeel, die beoordelaars; mnr Kruger, die hoof en dr A Kloppers.

"Die glorie van spreker wees!" — sal in elkeen bly voortleef!

**Jan Albert van den Berg.**

# MATRIEKDEBAT

Op 6 Maart 1987 het die jaarlikse Matriekdebat plaasgevind — 'n debat met 'n verskil. Die Afrikaanse debatsvereniging het 'n luimige, effens gewaagde satire aangebied met die titel: Vietse fragmente uit die rojale, banale annale van die bekende Afrikaanse meisieskool in Pretoria. Daar is gepoog om die Affies 'n slag vir hulself te laat lag en te oordeel aan die uiteenlopende reaksies het ons darem gedeeltelik daarin geslaag.

Van die "wilde boertjies" wat die botter van mekaar se brood "lek" en die beminde Jack Love en die Sonskynsusters tot die realistiese uitbeelding van "madame" Waterkloof het die gehoor geskater van die lag.


Dankie weer eens aan almal wat saamgewerk het om hierdie genoeglike aand moontlik te maak.



**Landi Pieters — (Afrikaanse Debatsvoorsitster).**



*Willem Smith sing!*



*Waar daar kos is, is daar altyd Affies!*

# Jeugbal 1987

**Die idee van 'n Jeugbal het sy ontstaan by lede van die Jeugkomitee in die Junior Stadsraad gehad. Daar is gevoel dat daar 'n leemte sover dit interaksie tussen hoërskoolleerlinge in Pretoria betref, ontstaan het. Die Jeugbal sou poog om dié gaping te oorbrug.**

Die Jeugbal het die vorm van 'n formele ete gepaardgaande met 'n dans aangeneem. Dit was veral die idee van die gedansery wat die meeste van die Affies 'n paar benoude oomblikke laat beleef het.

Die aand van die dans is gekenmerk deur deftige motors en modeskeppings wat 'n mens net op 'n filmstel sou verwag. Ná die formele ete het almal meer op hul gemak begin voel en het die Junior Burgemeester die dansvloer geopen. Van die Affies het soos gewoonlik die oog gevang met hul uitheemse "dansvorm".

Al te gou was 'n wonderlike aand van smaaklike kos en goeie musiek iets van die verlede. Almal het die hoop uitgespreek dat die Jeugbal 'n jaarlikse instelling sal word.

**Jaco Steenkamp (St. 9)**

# Orkesnaweek 'n sukses

**Saterdag, 28 Februarie, was die begin tot nog méér hoogtepunte toe Affies se kadetorkes, saam met die trompoppies van NKP, aan die Tuks Jooloptog deelgeneem het. Vir menige jong lid was die twee uur marsjeer 'n groot én nuwe belewenis. Die "groot" gaan oor die optog self, terwyl die "nuwe" natuurlik handel oor die waardering van die teenoorgestelde geslag se bates. Die hele optog was dus totaal en al die moeite werd en die orkes het ook op dié manier Affies se naam uitgedra.**

Die hoogtepunt dié naweek, was egter die uitstappie na mnr Wassenaar se plaas in die Magaliesberge. Orkeslede het mekaar beter leer ken, daar is geswem en ontspan terwyl daar staproetes al langs 'n stroom gevolg is. Alhoewel daar dié naweek baie kilometers afgelê is, was die hele naweek heel ontspannend.

Mnr Wassenaar (nuwe kapelmeester van die orkes) verdien dank en eer vir die harde werk en tyd wat hy in die orkes insit. Die orkeslede wil die volgende termyn op nog 'n hoër noot afsluit.

**Rudolph de Jager**

# ACSV

## "Die lekkerste lewe !"

**"Die lekkerste lewe" is saam met Christus. Dit het weer eens hierdie termyn vir elke ACSV-lid waar geword!**

Van ernstige programme tot meer informele programme, is dié termyn deur die ACSV gereël. Die opkoms was goed, die gesindheid positief en die blydskap vir Christus daar. Programaanbiedinge het gewissel vanaf Bybelstudies, tot samesang tot sommer net lekker saampraat. . .

Die naweek van 27, 28 Februarie en 1 Maart het die ACSV van die Afrikaanse Hoër Seunskool in samewerking met die meisieskool 'n kamp gereël. 'n Kamp waar daar gepraat is, besin is, gesing is, geswem is, geëet en geslaap is.

Ons grootste dank aan mnr C Vermeulen wat die ACSV uitstekend lei en organiseer maar bo alles is die lede dan aan die Hemelse Vader verskuldig vir Sy genade vir die eerste termyn.

"Aan God al die eer. . ."

**Jan-Albert van den Berg**
**Johan Viljoen**

# 'n Voorsmakie van die komende matriekafskeid

**Na vele beraadslaging, oor die vorm van die bal (met ander woorde, formele of "fancy-dress") is daar eenparig besluit dat dit 'n mengsel van alles sal wees.**

Die warm, beswete vriendin wat die middag nog saam met jou op die atletiekbaan geswoeg het, het die aand verander in 'n sjarmante dame sonder tekkies. As daar gepraat moet word oor die metamorfose wat by die jonge here ingetree het, sal meer as net een artikel benodig word.

Kommentaar het gewissel van so-so tot wonderlik, maar vir die meeste Matrieks was dit die begin van "groot dinge".

Is dit nog 'n Affie-tradisie om by die repertoire te voeg?

# DIE JEUG 'ONS DIEN ONS STAD !'

**Daar is al menigmaal gesê dat Pretoria die tuiste van die jeug is of die "Jeugstad" is. Uit hierdie oogpunt funksioneer die Junior Stadsraad dan ook met 'n spesifieke doel. Die doel. Om die jeug van ons mooi stad Pretoria te dien en te lei ten opsigte van velerlei sake.**

Affies is al vir 'n lang tydperk op die Stadsraad verteenwoordig en tree dan ook elke jaar as ware ambassadeurs vir hulle stad op maar ook vir die Stadsraad. Die huidige verteenwoordigers is Luan Kloppers, Jaco Heinrich Dannhauser en Christiaan van der Merwe (st 8).

Talle projekte is in die pyplyn vir die komende jaar. 'n Projek wat al deurgevoer is, is die "Hou jou skool skoon"-veldtog. Die projek beloof om 'n klinkende sukses te wees.

Die Junior Stadsraad funksioneer in samewerking met die skool, die band wat daar altyd moet wees en mnr Wassenaar is dan ook die skakel personeellid.

Affies wens graag die Junior Stadsraad van Pretoria en in besonder die Affies-lede baie sterkte toe vir die res van hul dienstermyn en jaar. Hou Pretoria, maar ook Affies se naam hoog!

# Onniestreffersparade

Walk of life — Mev Raath
Danger Zone — Mev Nel
Glory of love — Mev Ferreira
Sanboyani — Mev Esterhuizen
Manic Monday — Mev Kuns-Prinsloo
Lipstick, powder and paint — Mev Noord-Sotho-Prinsloo
Working 9-5 — Mev Dorey
Lady in red — Mej Venter
I'd like to teach the world to sing — Mev Kruger

# LITKUL

## (Literatuur- en Kultuurstudiegroep)

**LITKUL is vroeër vanjaar onder die voogskap van mnr. D.C. Taljard in die lewe geroep. Hierdie vereniging het hom ten doel gestel om, onder die beskerming van die Kultuurkomitee van die TAO, sy lede bewus te maak van ons ryke Westerse Kultuurskat en ook om sekere literêre werke, wat tans nie op skoolvlak voorgeskryf is nie, bekend te stel.**

Drie byeenkomste is reeds gehou: mnr. Taljard het gesels oor die Kultuurskepping van die Barok en Klassisme en mev. H. Potgieter en mej. C. van Heerden het 'n program van Bach se orrelmusiek in die Oos-kerk aangebied.

Die leerlingreaksie was so positief dat ons met vertroue besluit het om die volgende aanbiedings te reël:

| | |
|---|---|
| 22 APRIL | Die musiek van die Romantiek (mnr E Plews — NKP) |
| 6 MEI | Die Romantiek. Deel II (Mej Joubert — UP). |
| 20 MEI | Lieder (Mev. R. Markgraaff — NKP). |
| 3 JUNIE | Die Impressionisme (Mev. R. Lombaard — AHS, Dr. R. Zurich — vroeër UP). |
| 17 JUNIE | Die musiek na 1910 (Mev. B. Smit). |
| 12 AUGUSTUS | Kultuurskepping na 1910 (Dr. Fereira — UP). |
| 26 AUGUSTUS | Musiek uit eie bodem. |
| 2 SEPTEMBER | Kuns uit eie bodem (Prof. Roos — UP). |
| 16 SEPTEMBER | Die invloed van Kommunisme en Liberalisme op die beeldende kunste. (Mnr. A. de Beer — Skilder). |
| 30 SEPTEMBER | Perspektiewe op die digterskap (Mnr. D.C. Taljard). |
| 14 OKTOBER | Teenstellings in Raka met verwysing na *Natuur en Kultuur* (Dr. A. Kloppers — NKP). |
| 28 OKTOBER | Afsluiting. |

Hierdie program word in 1988 voortgesit.

Belangstellendes kan alle navrae aan mnr. D.C. Taljard rig.

**D C Taljard.**

# Affies se eie Ysterman!

**By Seunshoër is daar 'n stil, rustige standerd nege Wiskunde onderwyser, mnr. Krappie van Tonder.**

Mnr. Van Tonder is op 18 Junie 1961 gebore en het op 'n plaas naby Ermelo grootgeword. Hy matrikuleer ook aan die plaaslike hoërskool. As hoërskoolleerling verwerf hy Suid-oos-Transvaal kleure in rugby.

As Tukkiestdent het hy tot 1985 aktief rugby gespeel maar weens beserings moes hierdie goeie slot of flank rugby vaarwel toeroep.

Gebore sportman wat hy is, kon hy nie stilsit en begin vir die Ystermankompetisie oefen. 'n Moordende kompetisie: 21 km. roei op die Hartbeespoortdam, 97 km. fietsry, 'n standaard marathon van 42,2 km. Vir hierdie eerste marathon waaraan hy deelneem, ontvang mnr. Van Tonder 'n silwer medalje — dit wil gedoen wees!

Mnr. Van Tonder oefen tans vir die Bergrivierkanovaart. Van die Comrades wil hy niks weet nie — hy sê hy het te veel verstand daarvoor! As hy om sy toekomsplanne gevra word, dan sê hy net hy wil vir hom 'n goeie vrou soek!




*Mnr. Krappie van Tonder aan't roeie.*

# Affies is Springs toe!

**Wie het gedink die Affies raak ontsteld as Pilditch se bane opgeknap word, en dus nie beskikbaar is nie? Nie die Affies nie — hul maak 'n plan.**

Die Pam Brink Stadium moes dit ontgeld. Affies het uit twintig busse gebondel. Selfs dit was nie genoeg nie, en 'n paar leerlinge moes met bitter min spasie klaarkom. Baie opgewonde het die toeskouers na die pawiljoen getrek, met kussings en voorraad vir die aand. Die atlete het onder een van die sy-pawiljoene gaan uitspan om te rus en te "mediteer". Affies se gees was die beste ooit. Affies-seuns het stadig, in enkelgelid soos dit al gewoonte is, die pawiljoen bestyg.

Dit was beslis net so lekker as 'n Pilditchbyeenkoms — die aflosse het uitgereën. Dit het die seuns waarskynlik van hul eerste plek beroof. Nieteenstaande die teleurstelling is die Affies met tevrede harte, seer kele en doodmoeg, terug in die busse. Daar het 'n ieder en 'n elk vasgeslaap. . .

**Johanna Schoeman**

# AFFIES VIER HUISSPORT

Die huissport was die beste, die heel beste huissport in vyf jaar gewees. (Dit is natuurlik net op die Matrieks van toepassing).

Aan opwinding, nuwe instellings — soos AHS se dirigente op die dak in die reën, en selfs nuwe rekords op die atletiekbaan was daar geen tekort gewees nie.


Dit het plaasgevind op 15 Januarie, skaars 'n week nadat die skool begin het. Reeds vroeg die oggend is getroue spanondersteuners toegelaat om die pawiljoene te gaan versier. Die Groenes en Rooies was op die hoofpawiljoen en die Bloues en Geles aan die oorkant. Die program het teen 2 uur begin en byna elkeen het deelgeneem — al kon jy net een meter hoog spring.

Entoesiastiese toeskouers — veral die Standerd sesse, het vrolik gesing en geskree onder leiding van die verskillende dirigente.

Teen die laatmiddag, na 'n onverwagse reënbui, was die toeskouers meer uitgedun en is daar besluit dat al vier spanne op die hoofpawiljoen sal sit. Die Rooies het bewys dat hulle die heel beste sing en het die geesbeker ontvang. Wat die atletiek betref, geluk aan die Bloues.

Gaan die bordjies volgende jaar verhang word?

**Hedwig Schumann**





## *Swem — Songs*

**Ongelukkig, weens omstandighede, is Sing-Songs verban as gevolg van die gebruik van "sterk liedere". Maar dít het glad nie die vasberade Affies gestuit nie!**

Deur onderlinge samesweringe is bewerkstellig dat die seuns die meisies se sing-songs sal bywoon en almal só vir die laaste keer, vóór Interhoër, sal gees vang. Dit het egter net 'n paar liedjies gekos om die seuns te laat besef die swembad roep. . .

Die meisies móés swem òf hulle nou wou òf nie want die Meisieskool se swembad was die tweede keuse ná die onnatuurlike kleur van die seuns se swembad se water.

Almal is in die water gegooi en wat as sing-songs begin is, het in swem-songs geëindig. Dié pret sal lank onthou word.

**Albert Pretorius**
**St 10F**

# Affies doen dit weer!

**18 Februarie — Interhoër swemgala te Hillcrest. Die Afrikaanse Hoër Meisieskool van Pretoria, het weer eens as oorwinnaars uit die stryd getree.**

Dit het baie harde oefening gekos — nie net smiddae nie, maar ook soggens om 6h00. Met die oë nog dik van die slaap is die yskoue water dapper aangedurf om dan met rooi en seer oë by die skool op te daag! Mej Bothma, het as inspirasie gedien, en almal tot vinniger tye in die water in die middag aangespoor.

Die eerste gala van die jaar, 'n aflosgala, het by Girl's High plaasgevind. Daar kon ons darem vir Menlopark klop!

Hoe nader Hillcrest gekom het, hoe benouder het die swemmers geraak. Dan was die st 8's nog Veldskool toe ook!

Uiteindelik! Hillcrest! Die groot dag het aangebreek! Almal was vol gees en ook natuurlik die ene senuwees. Die leuse was: "Lewer net jou beste". Met die aanvang van die aflosse was Die Afrikaanse Hoër Meisieskool derde. Die swemmers het opnuut moed geskep. Die Affies is mos bekend vir hulle spanwerk en die hoop is nie beskaam nie!

Dit was vir almal 'n groot verrassing toe Die Afrikaanse Hoër Meisieskool, die swembeker vir die vierde agtereenvolgende jaar wegdra. Hoe dan anders?

Die swemmers wil ook net vir mej Bothma bedank, vir haar afrigting en al haar tyd wat sy opgeoffer het. Sonder haar sou die Affies nooit gewen het nie. Baie dankie, Juffrou!

Baie geluk aan die swemsters (ook swemmers) wat vir die Prestige-span gekies is.

**SPORT:**

## 'n Nuwe benadering

"'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees", en wat beteken dit vir jou? Of liewer wat verstaan jy daaronder. 'n Gesonde liggaam beteken nie noodwendig jy is maer en perfek gebou nie. Dit gaan om die werking, die funksionering van die stelsels in jou liggaam.

As 'n stelsel reg werk en goed werk dan gaan jy mos goeie resultate kry. Vir jou beteken dit 'n lekker energieke gevoel. Het jy dalk al 'n dag so goed gevoel dat jy berge wou versit? Dis 'n gevoel wat jy beslis meer male sou wou beleef.

Aangesien jou brein een van die aktiefste dele in jou liggaam is, moet daar mos deeglik na die brein omgesien word. Wat het my brein nodig? Suurstof, baie suurstof, die gevolg van 'n goeie bloedsomloop. Jou bloedsomloop kan jy verbeter deur 'n sport aktief te beoefen.

'n Aktiewe sportman is 'n aktiewe akademikus. **Beleef dit terwyl jy nog jonk is!**

# AFFIES BLY VEG!

**Affies se atletiekseisoen het vanjaar amptelik afgeskop met die Interhuis wat op 15 Januarie gehou is. Tóé het dit reeds uit die prestasies geblyk dat Affies weer die gevreesde sou wees.**


Ons eerste amptelike byeenkoms teen 'n ander skool was op 24 Januarie teen Brits. Dit was 'n reuse sukses, en Affies klop dié baie sterk span met meer as 'n 100 punte. Saterdag, 31 Januarie, het Affies 'n byeenkoms op Rustenburg gewen, en in die proses C R Swart met 49 punte geklop. Ons eerste nederlaag in 'n lang ruk is deur Waterkloof toegedien, toe hulle ons net net na 'n lang stryd geklop het. Die byeenkoms op Springs was 'n baie aangename byeenkoms, en sal deur menige Affie vir lank onthou word.

Interhoër was vanjaar vir Affies 'n groot teleurstelling. Die byeenkoms is nie net afgewater deur die kleiner formaat nie, maar ook deurdat ons nie as wenners uit die stryd kon tree nie.

Die uitslae van vanjaar se atletiek was dalk nie 'n weerspieëling van wat regtig plaasgevind het nie. Affies het hard gewerk, en baie ingesit onder lyding van ons bekwame afrigters. Met harder werk glo ek dat Affies weer bo sal uitkom, waar hy hoort. Daar is soveel talent in dié skool, dat dit byna onmoontlik is vir Affies om nie weer alle teenstand plat te vee nie.

'n Hartlike woord van dank aan elke afrigter van elke atleet vir 'n wonderlike seisoen. Deur harde werk sal Affies die gevreesde bly — waar daar 'n wil is, is daar 'n wen, en Affies hét die wil om te wen!

**Alwyn Kaltwasser**



# SPORTMAN VAN DIE TERMYN:

## — Etienne Eygenberger — SPRINGBOK

**Etienne Eygenberger is op 27 Junie 1969 in Pretoria gebore. Hy begin sy skoolloopbaan by die Laerskool Pretoria-Oos en kom as standerd sessie na die Afrikaanse Hoër Seunskool.**

**N-TVL-LEWENSREDDINGSPAN**

Op die vroeë ouderdom van 12 jaar word Etienne vir die o/14 Noord-Transvaal Lewensreddingspan gekies om dié span op die Suid-Afrikaanse Lewensreddingskampioenskappe in Pretoria te verteenwoordig. Die daaropvolgende jaar word Etienne weer eens vir die O/14-span gekies wat Noord-Transvaal op die Suid-Afrikaanse Lewensreddingskampioenskappe verteenwoordig.

In standerd 8 stel Etienne 'n Noord-Transvaal rekord op en word dan ook as Junior Victor Ludorum bekroon. Ook verower hy die derde plek op die Suid-Afrikaanse Junior Lewensreddingskampioenskappe.

**SPRINGBOK**


Vanjaar is hy vir die vierde maal vir die Noord-Transvaal span gekies en neem op 7 Maart aan die SA-Lewensreddingskampioenskappe deel.

Etienne maak skoonskip en breek die SA-rekord in die popreddingsafdeling. Hy wen ook die dubbel redding en die aflos.

Die eer val hom te beurt om vir die Suid-Afrikaanse Senior Springbokspan gekies te word.

Etienne erken dat die aansporing van sy afrigter, sy ouers en sy meisie deels vir sy sukses verantwoordelik is. Hy skryf ook sy prestasies toe aan ondervinding, gereelde oefening, deelname aan gala's en die vertroue in God en in homself.

Die skool is trots op hierdie stil, dog vriendelike Springbok. Sy prestasie en verdere deelname aan dié belangstelling sal beslis met valkoë dopgehou word. Ook vergesel die Affies se beste wense hom.




*Etienne Eygenberge, Springbok Lewensredder*



**Lucille Weyer die bo-15 tenniskapteine van Affies is gekies om Noord-Transvaal te verteenwoordig in die Noord-Transvaalse Junior tennisspan.**

# Affies moker lopies!

**Die eerste krieketspan het soos in die verlede baie goed gevaar in die eerste termynliga. Die kompetisie was vanjaar baie sterk en ons manne het die Wilgerlatte tot in die halfeindrondte met mening geswaai. Die wedstryde het as volg verloop:**

**Teen Verwoerdburg**
Verwoerdburg 72/10
(M de Jongh 4/13)
SA H S 74/4
(C Bosch 25, C Malan 20)

**Affies wen met 6 paaltjies**

**Teen Eldoraigne**
Eldoraigne 81/10
(V Terblanche 5/6)
A H S 85/5
(M de Jongh 20, C Malan 24 n.u.n.)

**Affies wen met 5 paaltjies**

**Teen Swartkop**
**Swartkop het wedstryd prysgegee**

**Teen Wilgers**
A H S 120/5
(Rheeder 23, Malan 25, Bosch 24)
Wilgers 48/10
(De Jongh 5/9)

**Affies wen met 72 lopies**

**Teen Wonderboom**
Wonderboom 91/9
(Bosch 3/15, Terblanche 3/14)
A H S 84/10
(Broodryk 29, Phlügler 18)

**Affies verloor met 7 lopies**


Affies het dus tot in die halfeind gevorder. Baie geluk aan mnr Van Deventer en die krieketspan. Ons sien met hoë verwagtinge uit na die Administrateursbekerkompetisie.

# Netbal in Affie-land

**1987 was tot dusver vol opwinding en hoogtepunte. En die netbalaffies, is vasberade om nog baie meer van 1987 te maak. Ons is vuur en vlam om die beste netbalseisoen in die geskiedenis van Affies op te teken. Oefeninge is al reeds 'n geruime tyd aan die gang en is daarop gemik om ons fiks en viets te maak. Ontspanning, inspanning en sweet is aan die orde van die dag, wanneer die musiek om twee-uur aangeskakel word, vir ons daaglikse oefensessie. Dis egter nie net oefen nie!**

Pret en Plesier is die grootste kenmerk van hierdie nuwe gier en talle funksies is alreeds gehou en vooruit gereël. Onder meer, was daar al 'n swemfunksie met roomys-en-vrugte. Volgende op ons agenda is 'n genotvolle hawaïse braai!

Vanjaar is die jaar, wat Affies hul saam skaar en heerlik op die netbalbaan gaan baljaar! Alle Affies wat in ons pret wil deel, is baie welkom om te kom oefen.




# OMO SPRING VER!


**Alwyn Kaltwasser is 'n naam wat nie baie bekend by Affies is nie. Omo — dáár's nou 'n naam wat die ouens ken. Danksy Stroom-op, weet selfs die oningeligdes nou dat hierdie twee een en dieselfde mens is.**

Alwyn het sy laerskoolloopbaan in Laerskool Zwartkop begin en later na die Laerskool Wierdapark verskuif. Vanaf St. 1 het Alwyn sy merk op die atletiekbaan gemaak — in verspring. Tot st. 8 was Alwyn 'n verspringer en het hy maar net af en toe aan naellope deelgeneem.

In st. 9 het Alwyn by mnr. Swanepoel begin oefen vir die 100m en 200m. Hy het in 1986 aan Noord-Transvaal en die SA-kampioenskappe deelgeneem. In die SA's het hy 'n vyfde plek in die 200m behaal. Daardie prestasie beteken effektief dat hy die vyfde vinnigste o/17 200m atleet in Suid-Afrika was.

In 1987 het Alwyn sy merk met 'n hoofletter "M" gemaak. Op die interhuis het hy drie eerste plekke behaal in 100-, 200- en 400m kompetisies. Dit het gesorg dat hy as die welverdiende Victor Ludorum bekroon is. Na die Sasolkompetisie het 'n besering hom 'n knou gegee maar hy is vol vertroue vir die toekoms.

Hy glo dat hy sy sukses te danke het aan sy Skepper, goeie afrigting en die getroue ondersteuning van sy ouers.



Alwyn is 'n veelsydige mens wat rugby speel, op die Junior Stadsraad dien en boonop ook 'n verslaggewer vir Stroom-op is.

# Interhuis

**Op 15 Januarie was dit weer Interhuis — die begin van 'n nuwe atletiekseisoen.**

Die atlete het hul bes gedoen en daar was talle puik prestasies. Barry Matthews (rekord in die 100m o/13 en ewenaar rekord in die verspring) en Alwyn Kaltwasser (eerste plek in die 100m, 200m en 'n rekord in die 400m o/19) is onderskeidelik as die Junior en Senior Victor Ludorum aangewys. Verder het Jac Ferreira die beste prestasie in die middelafstande gelewer deur die rekord in die 1500m te verbeter en daarmee 750 punte op die Sasoltabel te verdien.

Veral opvallend was die puik gees van al die spanne. Maar uiteindelik was dit die Rooispan wat vir die tweede agtereenvolgende jaar die geesbeker verower het.

Die Kwaggas het daarin geslaag om die byeenkoms met 318½ punte te wen, dit is slegs 12½ punte meer as die Koedoes. Derde was die Elande, 276 punte, en laaste, die Hartseerbeeste met 236 punte.

**Carl Esterhuizen**

# Sportvrou van die termyn

**Christine van Wijk is op 2 Augustus 1971 in Windhoek gebore. Die Affies het Christine hierdie jaar leer ken as die swartkop-Affie wat met die pragtige, sierlike styl oor die hekkies genael het. Sy was sonder twyfel Affies se beste atleet hierdie jaar en daar word nog groot dinge van haar verwag.**

Stroom-op het 'n onderhoud met haar gevoer om meer van haar te wete te kom.

**Stroom-op:** Wanneer het jy aan atletiek begin deelneem en wat was die eerste items waaraan jy deelgeneem het?

**Christine:** Ek dink dit was in graad een, die 60m.

**Stroom-op:** Wanneer het jy met hekkies begin?

**Christine:** Reeds in st 4, maar ons was nie toegelaat om in st 5 te hardloop nie, omdat daar nie goeie afrigters was wat ons kon afrig nie.

**Stroom-op:** Oefen jy elke dag en van wanneer af?

**Christine:** Ja, ek oefen elke dag ±1½ uur. Ek het reeds in Augustus vir hierdie seisoen begin oefen.

**Stroom-op:** Het jy enige spesifieke sporthelde?

**Christine:** Ja, Ina van Rensburg is my heldin.

**Stroom-op:** Wat beplan jy vir die toekoms?

**Christine:** Om eendag 'n Springbok te word.

**Stroom-op:** Het jy enige stokperdjies?

**Christine:** Ja, ek is 'n regte boekwurm.

**Stroom-op:** Neem jy aan enige ander sportsoorte deel?

**Christine:** In die winter speel ek netbal maar ek hou ook baie van swem en ek vind meeste sportsoorte baie interessant.

(Christine, Stroom-op wens jou alle sukses toe vir die toekoms en mag jy nog vir Affies groot roem inoes!)



*Christine van Wyk, hekkiesatleet.*